Bybel vir Kinders

bied aan

'n Tempel Leier besoek Jesus

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Vertaal deur: Yvette Brits

Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Storie 41 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans



Die leiers het aangedring op 'n teken dat Jesus die reg gehad het om die Tempel leeg te maak. "Breek die Tempel af en Ek sal dit weer opbou in drie dae," het Jesus geantwoord. Onmoontlik! Dit het ses en veertig jaar geneem om die Tempel te bou.

3

Maar Jesus het van Sy Liggaam gepraat. Soos die Tempel was Sy Liggaam die plek waar God woon.

4

Toe dit aand was het een van die Tempel leiers Jesus kom besoek. Hy het geweet deur die wonderwerke dat Jesus deur God gestuur was. Nikodemus het na Jesus gekom om meer van God te leer.

5

Jesus het vir Nikodemus vertel dat mense eers weer moes gebore word om die Koningkryk van God te betree. Nikodemus het nie verstaan nie. Hoe kan 'n volwasse man weer 'n baba word? Hy was dan gelowig. Was dit nie genoeg nie?

6

"Dit wat van die gees gebore is, is gees," het Jesus verduidelik. "God se Gees is soos die wind. Mense sien nie of verstaan nie die wind nie. Hulle sien net wat die wind doen."

7

Jesus het Nikodemus herinner aan die kinders van Israel wat by Moses gekla het lank gelede. "Ons het nie kos nie, niks water nie, en ons haat die brood wat God ons gee," het hulle gehuil.

8

Die mense se sonde het God kwaad gemaak. Hy het vurige slange na hulle gestuur. Die slange het die mense gebyt. Baie het doodgegaan.
9

"Ons het gesondig. Bid dat die Here die slange wegvat," het die mense gesmeek. Moses het vir hulle gebid. Maar God het nie die slange weggevat nie.
10

God het vir Moses gesê om 'n vurige slang te maak en dit op 'n paal te sit. "Almal wat gebyt is sal lewe as hy na die slang op die paal kyk," het God belowe. Moses het 'n koper slang gemaak en die wat daarna gekyk het was genees.
11


Jesus het vir Nikodemus gesê dat die Seun van die mens opgelig moet word net soos die koper slang.
12


Jesus het gepraat van die kruis waar Hy sou sterf vir sondaars.
13

Jesus het gesê,
"God het die werêld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo nie sal vergaan nie maar die ewige lewe sal hê."
14

'n Tempel Leier besoek Jesus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Johannes 2-3, Numeri 21

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!